11. Whilst the United Kingdom legislation insists that adequate provision shall be made for the inclusion of interest and depreciation charges, as well as a reserve provision for the variation in depreciation based on historical versus replacement cost, there appears to be no real legislative insistence on a compulsory contribution towards self-financing of the industry and it seems fair to conclude that the extent of any voluntary contributions tend to be determined by the result of the year's trading figures rather than a preplanned contribution.

However, I think it can be contended that even the nationalised industry is mindful of its obligation to generate capital funds from within its revenues.

12. Returning to Rhodesia, a Working Party was appointed by the then Federal Minister of Power in November 1961, for the purpose of advising on the Electricity Distribution of Southern Rhodesia; it reported back in June 1963 and I quote hereunder from its findings:

"64. Throughout the world the acquisition of external capital for development purposes is becoming increasingly difficult and one of the principal reasons for this state of affairs is the growing custom of transferring more and more industrial activity to government or quasi-government control. It is frequently found in legislation governing the

"64. Oor die hele wêreld word die verkryging van van buitelandse kapitaal vir ontwikkelingsdoelendes toenemend moeilik en een van die hoofredes vir hierdie toedrag van sake is die groeiende gebruik om meer en meer industriële bedrywigheid in regerings- of kwasi-regeringsbeheer oor te plaas. Dit word dikwels in wetgewing wat die werking

van statutêre rade of kommissies beheer, gevind dat hulle belas word met die plig om dienste te voorsien „sonder wins of verlies.“ Dus word elke onderneming afhanklik vaneksterne bronne vir sy ontwikkelingskapitaal. Hierdie tendens word erken deur liggame soos die Wêreldbank wat, soos herinner sal word, daarop aangedring het dat die Federale Elektriese Kragraad 'n groot deel van sy toekomstige kapitaal uit inkomste moet voorsien. Die generasionaliseerde elektrisiteitsindustrie in Brittanje voorsien ook nou vir die skepping van substansiële kapitaalreserwes en mag heel moontlik in staat wees om op hierdie manier binne die volgende dekade selfonderhoudend te wees.”

„65. Omdat die Werksparty van mening is dat eie voorsiening van kapitaal van die uiterste belang is, stel hy voor dat wetgewing ingestel word om te verseker dat hierdie praktyk binne ons elektrisiteitsindustrie in werking tree vir ontwikkelingsdoelendes. Die wetgewing moet die Elektrisiteitsraad van magte voorsien sodat dit van ondernemings kan eis om hulle tariewe so te beplan dat minimum proporsies van jaarlikse inkomstes opsy gesit word met die doel om kapitaalreserwes te skep vir ontwikkelingsprogramme sodat die industrie uiteindelik in staat sal wees om in 'n groot mate vir sy eie ontwikkeling te betaal. Terwyl die voorsiening van kapitale fondse uit een bron, naamlik deur die verantwoordelike ministerie (aanbeveel in paragraaf 63 van hierdie verslag), outomaties die tydperk vir die vereffening van lenings sal rig, vereis ons voorgenome stelsel vir die voorsiening van kapitaal dat dié fondse voorgeskietsal word in die vorm van lenings (wat rente verdien) vir die aankoop van bates. Die tydperk waarvoor die lenings aangegaan word, moet dieselfde wees as dié waarvoor die bates behou word. Gestandaardiseerde tydperke moet neergelê word vir die delging van lenings vir verskillende soorte bates.”

13. Laat ek daarmee volstaan dat teen die agtergrond van die voormelde dokumentasie, dit duidelik is dat die bepaling om voorsiening te maak vir eie-finansiering vanuit 'n onderneming heeltemal gegrond, betekenisvol en versienende is in sy doelwit.

HOE EN WAARMEE

14. Dit ly geen twyfel nie dat 'n meer bevoegde persoon as ek 'n verskeidenheid van metodes sal kan voorstel vir die interne voorsiening van kapitaal; ekself moet daarmee volstaan om maniere en middele te ondersoek binne die beperkinge van my eie ervaring en die tyd wat by hierdie geleentheid tot my beskikking is nie. Daarom beperk ek myself tot drie metodes.

KAPITAALONTWIKKELINGSFONDSE

15. Op 12 Oktober 1957 was ek verantwoordelik vir die skepping van individuele kapitaalontwikkelingsfondse vir elk van die Raad se groot ondernemings, bestaande uit die Tariewefonds, die Elektrisiteitsfonds, die Waterfonds, en die Drankonderneming, of, soos dit meer algemeen in

operation of statutory boards or commissions that they are charged with the duty of providing services “without profit or loss.” Thus, each undertaking becomes entirely dependent upon external sources for its development capital. This trend is recognised by bodies like the World Bank who, it will be recalled, insisted upon the Federal Power Board providing a large proportion of its future capital from revenue. The nationalised electricity industry in Britain too, now provides for the creation of substantial capital reserves and may well be able to become self-supporting in this way within the next decade.”

“65. Because the Working Party considers that self-generation of capital is of vital importance, it recommends that legislation be enacted to ensure that such a practice takes place within our own electricity industry for development purposes. The legislation should provide the Electricity Council with powers to require undertakings so to design their tariffs that minimum proportions of annual revenue are set aside for the purpose of creating capital reserves to assist development programmes so that the industry will eventually be able to pay for much of its own development. Whilst the provision of capital funds from one source, namely through the responsible Ministry (recommended in paragraph 63 of this report), would automatically align the period for the redemption of loans, our proposed institution of a system for self-generation of capital requires, too, that such funds shall be advanced in the form of interest-bearing loans for the purchase of assets, the period of the loans to coincide with the lives of the assets. Standardized periods of time should be laid down for the redemption of loans for different types of assets.”

13. Suffice it then to say that against the background of the foregoing documentation, it is evident that the determination to provide self-finance from within an undertaking is well-founded, purposeful, and most far-seeing in its objective.

WAYS AND MEANS

14. No doubt an abler pen than mine could sponsor a variety of methods for the internal generation of capital; for myself I can do no more than examine ways and means within the limits of my own experience and the time available to me on this occasion. Accordingly, I restrict myself to three methods.

CAPITAL DEVELOPMENT FUNDS

15. On the 12th October, 1957, I sponsored the creation of individual Capital Development Funds for each of the Council's major undertakings, comprising Rate Fund, Water Fund, and the Liquor Undertaking or, as it is more commonly known in South Africa, the Bantu Beef

Suid-Afrika bekend is: die Bantoeierrekening. Daaropvolgende wysigings van die Bantoeierregulasies het my ook in staat gestel om voorspraak te maak vir die skepping van 'n Ontwikkelingsfonds vir Bantoebehuising in 1961, maar die gebruik van sulke fondse is beperk tot die voorsiening van behuising teen lae koste.

16. Twaalf jaar later, op 30 Junie 1968, het die onderskeie ontwikkelingsfondse die volgende balanse getoon:

Fonds	Kapitaal £	Voorskot £
Tarief	218,000	85,000
Bantoe-inkomsterekening	46,000	12,000
Bantoeierrekening	539,000	422,000
Bantoe-welnsfonds	197,000	54,000
Elektrisiteitsfonds	884,000	522,000
Waterfonds	300,000	181,000
Bantoebehuisingfondse	340,000	51,000
	<u>£2,524,000</u>	<u>£1,337,000</u>

17. Toe ek my Raad aangespoor het om hierdie bronne van interne finansies te skep, het ek toekomstige groei via drie meganismes in vooruitsig gestel: Eerstens was ek 'n tydlang bekommerd oor hoe die inkomste wat uit die verlyding van bates, billikerwys (of is dit onbillikerwys?) verklaar kon word.

Voorheen is hierdie kapitaal meevaltertjies gebruik om die leningskuld van die betrokke onderneming te verminder en om sodoen die inkomstehekening die onregstreekse voordeel te gee van die oorskotwaarde van bates of die jaarlikse terugbetalings of die tydperk van terugbetaling te verminder. Die grondoorweging hier was te verhoed dat die rekening die regstreekse voordeel uit die oorskotwaarde van bates trek, en om dit liever aan die kapitaal rekening te gee vir toekomstige kapitaal aawending. Dan wou ek ook 'n tweede bron van groei skep uit die jaarlikse verdeling van vaste bedrae uit die inkomsterekening. Die derde bron was die rente wat daarop voorskotte uit die Fonds gevra kan word, en ook rente op saldo's wat nie voorgeskiet word nie, maar belê word.

18. Die individuele mate waarin hierdie drie bronne bygedra het tot die groei van elektrisiteit se kapitaal ontwikkelingsfondse, word getoon in die bygaande tabel wat, terloops, geprojekteer is tot 30 Junie 1973 in ooreenstemming met die ontwikkelingsplan van die onderneming vir dieselfde tydperk.

19. In 1963 toe die stadsingenieur voorstelle ingedien het vir 'n hersiening van elektrisiteitstariewe — ek was met hom geassiseer in hierdie voorstelle — het ons bepaal dat die beraamde uitgawes 'n spesifieke jaarlikse bydrae tot die kapitaal ontwikkelingsfondse van die onderneming moet insluit. Om die taal van my beroep te geneem: dit was 'n „bokant-die-lyn“-bydrae. Meer presies gesê: dit het beteken dat hierdie verdeling nie bepaal sou word wanneer die jaar se bedryfsresultate voor die Raad gelê word nie. Intendeel, wat die resultate vir die jaar ook al was, was daardie bydrae vas en bindend. Dit

Account. Subsequent amendments to the African Beer Regulations also enabled me to advocate the creation of an African Housing Development Fund in 1961 but the use of such funds is restricted to the provision of low-cost housing.

16. Twelve years later, as at the 30th June, 1968, the several Development Funds contained the following balances.

Fund	Principal £	Advances £
Rate	218,000	85,000
African Revenue Account	46,000	12,000
African Beer Account	539,000	422,000
African Welfare Account	197,000	64,000
Electricity Fund	884,000	522,000
Water Fund	300,000	181,000
African Housing Fund	340,000	51,000
	<u>£2,524,000</u>	<u>£1,337,000</u>

17. When urging my Council to create these sources of internal finance, I visualised future growth via three mechanisms. Firstly, I had been concerned for some time past about the equity, or rather the inequity, which can arise when accounting for the proceeds received from the disposal of assets.

Previously these capital windfalls had been utilised to reduce the loan debt of the particular undertaking, thereby giving revenue account the indirect benefit of the scrap value of assets by reducing either the annual repayments or the period of repayment. The basic fundamental in my thinking was to avoid conferring the outright benefit of the scrap value of assets upon revenue account and rather to retain it in capital account or the financing of future capital outlay. My second source of growth was intended to be the annual appropriation of fixed sums from revenue account and my third source was the interest to be charged on advances made by the Fund, as well as interest earned on the investment of unadvanced balances.

18. The individual extent to which these three sources have contributed to the growth of Electricity's Capital Development Fund is shown in the accompanying table which, incidentally, has been projected through to 30th June, 1973, in accord with the Undertaking's Development Plan for the like period.

19. In 1963 when the City Electrical Engineer submitted proposals for a revision of electricity tariffs, and I was associated with him in these submissions, we stipulated that the estimates of expenditure should include a specific annual contribution to the Capital Development Fund of the undertaking. To use the language of my profession, it was an "above-the-line" contribution. Put precisely, this meant it was not to be an appropriation or contribution the amount of which would be determined when the year's trading results were before Council. On the contrary, irrespective of the results for the year, that contribution

ELECTRICITY UNDERTAKING : CAPITAL DEVELOPMENT FUND

Year	Asset Sales	Interest Received	Annual Contribution	Annual Repayment	Total	Advances		Balance
						Annual	Cumulative	
1957	45,281				45,281			45,281
1958	57,487	2,100			104,868			104,868
1959	21,905	5,037			131,810			131,810
1960	37,300	6,533			175,643			175,643
1961	11,496	8,904		200	196,243	22,136		174,107
1962	19,873	10,187		8,904	235,207	24,893	47,029	188,178
1963	17,402	12,042		11,174	275,825	59,932	106,961	168,864
1964	53,581	14,306	50,000	16,770	410,482	61,890	168,851	241,631
1965	30,752	21,071	50,000	28,812	541,117	85,284	254,135	286,982
1966	15,253	22,227	50,000	28,003	656,600	116,262	370,397	286,203
1967	21,971	29,637	50,000	41,228	799,436	152,253	522,650	276,786
1968	27,687	31,855	160,000	53,146	1,072,154	187,674	710,324	361,830
1969 (E)	20,185	36,900	150,000	60,800	1,340,039	212,000	922,324	417,715
1970 (E)	20,000	43,700	150,000	75,000	1,628,739	300,000	1,222,324	406,415
1971 (E)	20,000	54,900	150,000	93,000	1,946,639	300,000	1,522,324	424,315
1972 (E)	20,000	64,600	150,000	111,000	2,292,239	350,000	1,872,324	419,915
1973 (E)	20,000	77,700	150,000	130,000	2,669,939	350,000	2,222,324	447,615
	460,173	441,729	1,110,000	658,037	2,669,939	2,222,324	2,222,324	447,615

(E) Estimated

ELEKTRISITEITSONDERNEMING : KAPITALE ONTWIKKELINGSFONDS

Jaar	Bate Verkope	Rente Ontvang	Jaarlikse Bydrae	Jaarlikse Terugbetaaling	Totaal	Voorskotte		Saldo
						Jaarliks	Kumulatief	
1957	45,281				45,281			45,281
1958	57,487	2,100			104,868			104,868
1959	21,905	5,037			131,810			131,810
1960	37,300	6,533			175,643			175,643
1961	11,496	8,904		200	196,243	22,136		174,107
1962	19,873	10,187		8,904	235,207	24,893	47,029	188,178
1963	17,402	12,042		11,174	275,825	59,932	106,961	168,864
1964	53,581	14,306	50,000	16,770	410,482	61,890	168,851	241,631
1965	30,752	21,071	50,000	28,812	541,117	85,284	254,135	286,982
1966	15,253	22,227	50,000	28,003	656,600	116,262	370,397	286,203
1967	21,971	29,637	50,000	41,228	799,436	152,253	522,650	276,786
1968	27,687	31,855	160,000	53,146	1,072,154	187,674	710,324	361,830
1969 (B)	20,185	36,900	150,000	60,800	1,340,039	212,000	922,324	417,715
1970 (B)	20,000	43,700	150,000	75,000	1,628,739	300,000	1,222,324	406,415
1971 (B)	20,000	54,900	150,000	93,000	1,946,639	300,000	1,522,324	424,315
1972 (B)	20,000	64,600	150,000	111,000	2,292,239	350,000	1,872,324	419,915
1973 (B)	20,000	77,700	150,000	130,000	2,669,939	350,000	2,222,324	447,615
	460,173	441,729	1,110,000	658,037	2,669,939	2,222,324	2,222,324	447,615

(B) Beraamde

was 'n „ingeboude” voorsiening vir die Kapitale Ontwikkelingsfonds en ek was baie dankbaar vir my owerheid se bereidwilligheid om hul departementele hoofde te steun in hul vasberadenheid om 'n vaste bydrae vanuit die onderneming self te verseker. Ons tariefvoorstelle, insoverre as wat hulle van toepassing was op die buite-stedelike verbruikers in die gelisensieerde voorsieningsgebied, moet deur die Suid-Rhodesiese Elektrisiteitsraad ondersoek word, indien daar bevind word dat hulle bevredigend is in hulle moontlike gevolgsomvang en uitwerking, kan dié Raad dit moontlik goedkeur. Aangesien die onderneming ongeveer 48% van sy inkomste verkry van verbruikers buite die munisipale grense en aangesien die buitestedelike residensiële tariewe ongeveer 15% duurder is as die stadstariewe, was dit sonder 'n mate van kommer dat ons ons saak gestel het vir die reg om ons Kapitaalontwikkelingsfondsvoorsiening as 'n item van tariefuitgawe in te sluit nie, en nie as 'n verdeling wat vereffen moet word nadat winste bereken is nie. Hier het die Elektrisiteitsraad die meriete van ons vereistes weer eens ingesien en die insluiting van 'n aanvanklike voorsiening van £50,000 per jaar goedgekeur. Die relatiewe uitwerking van hierdie bydrae kan miskien ten beste gemeet word teen die onderneming se jaarlikse aanwending van inkomste wat op die tydstop waarop daar met die voorsiening begin is, R4.2 miljoen bedra het.

VOORDELE VAN 'N ONTWIKKELINGSFONDS

20. Toe ek in 1963 die konferensie van Munisipale Tesouriers en rekenmeesters in Suid-Afrika toespraak het, het ek die volgende te sê gehad oor kapitale ontwikkelingsfondse:

“25 (a) Die meriete van kapitale ontwikkelingsfondse is ewe bekend aan Suid-Afrikaanse en Rhodesiese tesouriers, maar of hulle hul plaaslike besture kon oorhaal om ontwikkeling op die terrein na hul wense te bevorder, is 'n punt vir bespreking. Vrywillige bydraes uit die algemene tarief lyk alreëls na oorbelasting — beplande bydraes as 'n deel van die gereelde jaarlikse voorsiening uit die begroting laat die Raadslede oop vir 'n aanval op die gewone maar onregverdig grond dat die nageslag van sy verskuldigde verpligting onthef word. Dit is ironies genoeg — en in hierdie referaat sal daar op die beredenering ingegaan word — dat dit beplande en volgehoue jaarlikse bydraes is wat verseker dat die nageslag op sy beurt sy behoorlike bydrae tot kapitaalvorming maak — en nie die spasmodiese bydraes wat moontlik uit 'n onverwagte surplus kan kom nie.

“26. Om op te som: dit is duidelik dat kapitale ontwikkelingsfondse bestem is om 'n toenemende bron van finansies vir alle plaaslike besture te word afgesien van hul grotte of ligging. Met hierdie noodwendig kort en oorsigtelike kykie in Britse plaaslike besture wil daar te kenne gegee word dat met 'n paar uitsonderings, plaaslike besture in die Suidelike Halfrond nog nie ten volle bewus geword het van die groot potensiaal van hierdie, tot dusver, latente bron van kapitale

was fixed and binding. It was a “built-in” provision for the Capital Development Fund and I was very gratified with my authority's willingness to support its departmental Heads in their determination to secure a fixed contribution from within the undertaking itself. Our tariff proposals, in so far as they apply to the peri-urban consumers in the licensed area of supply, have to be examined by the Southern Rhodesia Electricity Council and, if found to be satisfactory in their likely incidence and impact, may then be approved by that Council.

Since the undertaking earns approximately 48% of its revenue from consumers outside the municipal boundaries and since the peri-urban residential tariffs are approximately 15% more expensive than the City tariffs, it was not without some anxiety that we made our case for the right to include our Capital Development Fund provision as an item of tariff expenditure, and not an appropriation to be settled after profits had been ensured. Here again the Electricity Council saw the merits of our requirements and approved the inclusion of an initial provision of £50,000 per annum. The relative impact of this contribution may be best gauged from the information that, at the time of its injection, the annual revenue expenditure of the undertaking was £4.2m.

THE MERITS OF A DEVELOPMENT FUND

20. Addressing the 1963 Conference of Municipal Treasurers and Accountants, in South Africa, I made the following observations on Capital Development Funds:

“25 (a) The merits of capital development funds are equally well-known to South African and Rhodesian Treasurers but whether they have been able to prevail upon their local authorities to sponsor development in this field to the extent that they could have wished, is debatable. Voluntary contributions from the general rate hint of over-taxation — planned contributions as a regular provision of the annual budget render Councillors open to attack on the usual but unfair score that prosperity is escaping its due obligation. Ironically enough, and this essay will develop the reasoning subsequently, it is the planned and sustained annual contribution, and not the spasmodic donation consequent upon the unanticipated accrual of a surplus, which does ensure that posterity shall, in its turn, make its due contribution to capital formation.”

“26 Summing up, it is patent that capital development funds are destined to become a progressively increasing source of finance for all local authorities, irrespective of size or situation. This necessarily brief and hurried incursion into the sphere of English local government suggests that, with few exceptions, local authorities in the Southern Hemisphere have not yet become fully conscious to the immense potential of this hitherto latent source of capital finance. Apart from its merits, perhaps

finansiering nie. Afgesien van die meriete, is die voortrefflike eienskap miskien die skepping van finansiële outonomie op die terrien van plaaslike bestuur. Hoewel hierdie deug miskien min belang vir Suid-Afrikaanse plaaslike besture mag hê, het dit sekerlik ware betekenis vir die plaaslike esture van Suid-Rhodesië. Afgesien van die bate dringende behoeftes om alternatiewe, addisionele en onafhanklike bronne van kapitale finansiering te vind binne 'n Federale ekonomie wat die inisiatief van plaaslike besture in hul soeke na kapitale fondse onderdruk, is dit gebiedend dat hierdie plaaslike besture, die diensmaagde van Streeksregerings, wegkom van 'n ekonomie wat op gebonde lenings aangewys is (en dus stremmend werk) deur hul eie kapitale ontwikkelingsfondse te voed."

21. Met die ontbinding van die Federasies in 1963, laat 'n meer verligte regering nou sekere belangrike liggeme toe om regstreeks toegang tot die Rhodesiese geldmark te hê vir openbare flotasië. Hoewel hierdie liberalisering baie waardeer ward, maak dit na my mening nie die lewensbelangrike noodsaaklikheid vir ons elektrisiteitsondernemings om deur middel van tariewe in toenemende mate in hul kapitale behoeftes te voorsien, minder gebiedend nie.

22. Een van die groot voordele wat getrek word uit die gebruik van 'n kapitale ontwikkelingsfonds is ongetwyfeld die vermoë om te put uit hierdie bron in 'n tyd waarin rentekoerse alte vinning in die guns van die belegger styg. Om hom in staat te stel om op hierdie manier op huishoudelike finansies aangewys te wees, stel 'n onderneming in staat om sy uitgawes te isoleer van hewige skommelings in rentekoerse, veral vir langtermyn geld. In Salisbury word rente op voorskotte teen 5% per jaar bereken.

23. Ons het die voorbeeld van die Verenigde Koninkryk gevolg, waar plaaslike besture nie leenmagte uitoefen wanneer hulle voorskotte uit hulle ontwikkelingsfondse neem nie. Die vermyding van die behoeftes om leenmagte te verkry, is voorwaar 'n groot seën — afgesien van die uitskakeling van 'n groot hoeveelheid administratiewe werk en korrespondensie met ons Ministerie van Plaaslike Bestuur, beteken dit dat die onderneming groter mobiliteit geniet en vinniger kan optree. Dus : as ontwikkeling moet voortgaan op kort kennisgewing, of as onvoorsiene uitgawe oornag voorsiening vereis, is 'n voorskot uit die Kapitale Ontwikkelingsfonds op die kortste kennisgewing beskikbaar. Ook in omstandighede waar die Ministerie 'n leenmagt weier, is dit selfs moontlik om die bron van finansies oor te skakel van die leningsrekening tot die Ontwikkelingsfonds en met die projek voort te gaan.

Ek was altyd van mening dat die fondse wat in die Kapitale Ontwikkelingsfonds vloei die huishoudelike eiendom van die plaaslike bestuur is — dit word nie op die openbare leningsmark verkry nie, is dus nie 'n buiteskuld nie — en verg dan ook nie ministeriële beheer oor die vorm wat die aanwending daarvan aanneem nie.

24. Nog 'n groot voordeel wat voortvloei uit die gebruik van hierdie bron van finansies is nie slegs die ver-

its most glorious attribute is the creation of financial autonomy in the sphere of local government. Whilst this virtue may have little significance for South African local authorities, it certainly has real meaning for the local authorities of Southern Rhodesia. Apart from the very urgent need to find alternative, additional, and independent sources of capital finance within a Federal economy which suppresses the initiative of local government in its quest for capital funds, it is imperative that these local authorities, the handmaidens of Territorial Governments, escape from the bondage of a tied loans economy through the nourishment of their own Capital Development Funds."

21. With the dissolution of the Federation in 1963, a more enlightened Government permits certain major bodies to have direct access to the Rhodesian money market for public flotations. Although this liberalisation is greatly valued it does not, in my opinion, minimise the vital necessity for our electricity undertakings to provide an ever-increasing part of their capital requirements through the agency of tariffs.

22. Unquestionably, one of the major benefits derived from the use of a Capital Development Fund is the ability to draw on this source at a time when interest rates are rising all too rapidly in favour of the investor. Resort to this domestic finance allows the undertaking to insulate its expenditures against violent fluctuations in interest rates, particularly for longdated money. In Salisbury, all advances are rated at 5% per annum.

23. Taking my cue from the United Kingdom, where local authorities do not exercise borrowing powers when making advances from their Development Funds, we have followed suit. Avoidance of the need to obtain borrowing powers is indeed a great boon — apart from the elimination of a considerable volume of administrative work and correspondence with our Ministry of Local Government, it means that the undertaking enjoys greater mobility and speed of action. Thus, if development has to proceed at very short notice, or unforeseen expenditure demands a provision over-night, recourse to an advance from the Capital Development Fund is available at the shortest notice. In circumstances too where the Ministry has refused a borrowing power, it is even possible to switch the source of finance from loan account to Development Fund, and proceed with the project. I have always taken the view that the funds flowing into a Capital Development Fund are the domestic property of the local authority — they do not accrue from a public borrowing, that is, external indebtedness — and consequently I reason that no ministerial control is required for the utilisation of this source of Capital finance.

24. Another great merit flowing from the use of this source of finance is not only the ability to act very quickly

moë om baie vinnig op te tree in die verkryging van kapitale bates op kort kennisgewing nie, maar dit laat ook 'n merkwaardige mate van buigzaamheid toe in die reëling van finansies en die voorwaardes waarop dit beskikbaar gestel word.

Indien omstandighede dit dus regverdig, kan voorskotte voor die tyd gedeelg word; 'n situasie wat nie verkry kan word as lenings die vorm van plaaslike geregistreerde effekte aanem nie. Omdat dit dan waarlik interne finansiering is, kan die owerheid die terme van 'n voorskot so reël dat dit aanpas by sy eie huishoudelike vereistes, waar — in die geval van openbare lening — die terme dikwels gereël moet word om die uitliener pleks van die lener te pas.

25. Die voorsiening van 'n gereelde jaarlikse bydrae tot die Kapitale Ontwikkelingsfonds werk ook 'n groter mate van interne stabiliteit in die hand omdat dit skommelings in die omvang die verdelings uit inkomste uit-skakel; laasgenoemde neig om te wissel na gelang van die bedryfsresultate van die jaar: op of af.

26. Toe die verskillende fondse nog in hul babakoene was, was ons aanvanklike voorskotte beperk tot die aankoop van korttermynbates. Dit is verstaanbaar. Ons primêre doelwit was om die terugbetaling van voorskotte in die kortste moontlike tyd te verseker sodat die fondse wat aan ons beskikbaar gestel is so vinnig moontlik gesirkuleer en aangewend kon word. Met die uitbreiding van die fondse was ons egter in staat om ons leningstermyn te verleng, slegs tot vyf-en-twintig jaar.

27. U sal teen hierdie tyd reeds besef het dat ons 'n rede volg wat elke onderneming in staat stel om sy eie Kapitale Ontwikkelingsfonds in die lewe te roep en uit te bou. Toe ek die skepping van hierdie bron van inkomste aan my Raad voorgelê het, het ek dit ernstig oorweeg of dit 'n beter reëling sou wees om 'n pool in die lewe te roep wat die gemeenskaplike eiendom van al die munisipale ondernemings sou wees, of om afsondering fondse vir elke onderneming te skep. In die loop hiervan het ek toe dit slotsom gekom dat die skepping van afsonderlike fondse sonder twyfel 'n groter stimulus sou voorsien om van binne te bespaar en bowendien sou dit die moontlikheid van tussendepartementele wrywing uit-skakel — iets wat uit die aard van die saak maar al gou sy kop kan uitsteek as voorskotte uit 'n gemeenskaplike pool gemaak word en sommige deelnemers toekennings ontvang wat hulle deposito's grootliks oorskry.

28. Ek dra nie kennis van die mate, indien enige, waarin die Provinsiale Rade van die Republiek wette gemaak het vir die bestuur en administrasie van Kapitale Ontwikkelingsfondse nie, afgesien van die Kaapse Provinsiale Ordonnansie Nr. 4 van 1968 wat die skepping van 'n Gekonsolideerde Kapitale Ontwikkelings- en Leningsfonds toelaat, maar tot op datum het ons in Rhodesië nog nie verstrik geraak in enige wetgewing nie. Die verantwoordelike ministerie het egter onlangs 'n wetsontwerp oor Plaaslike Bestuur aangevoer wat, indien dit van krag word, die groter plaaslike besture sal verplig om 'n Kapitale Ontwikkelingsfonds in die lewe te roep. Die wetsontwerp maak verder voorsiening dat alle voorskotte

in securing capital assets at short notice but also it permits a remarkable degree of flexibility in arranging for finance and the terms of its availability.

Thus, if circumstances so warrant, advances can be redeemed prematurely, a situation not achievable when loans take the form of local registered stock. Because it is truly internal finance, the authority can arrange the terms of an advance to suit its own domestic requirements whereas, in the case of public borrowing, more often than not the terms must be tailored to suit the lender rather than the borrower.

25. Then too the provision of a regular annual contribution to the Capital Development Fund makes for a greater degree of internal stability since it eliminates fluctuations in the amount of revenue appropriations; the latter tend to vary in accordance with the trading results for the year, up or down.

26. Understandably, when the several funds were in their infancy, our initial advances were confined to the purchasing of short-life assets. Our primary objective was to ensure repayment of advances in the shortest time possible in order to obtain maximum velocity in the circulation and use of the funds available to us. However, as the funds have expanded, we have been able to go longer in our lending, even to the extent of twenty-five years.

27. Ere now it will have been appreciated that we pursue a policy which allows each undertaking to establish and prosper its own Capital Development Fund. At the time when I sponsored the creation of this source of finance for my Council, I did give a great deal of thought as to whether it would be a better arrangement to set up a pool being the common property of all the municipal undertakings or to create separate funds for each undertaking. In the event I reasoned the creation of separate funds was bound to provide the greater stimulus to save from within and, moreover, it would eliminate the possibility of inter-departmental friction which must inevitably be near the surface when advances are made from a common pool and some participants receive allotments greatly in excess of their deposits.

28. Whilst I am not knowledgeable of the extent, if any, to which the Provincial Councils of the Republic have legislated for the management and administration of Capital Development Funds, apart from the Cape Provincial Ordinance No. 4 of 1968, permitting the establishment of a Consolidated Capital Development and Loans Fund, to date, we in Rhodesia have not been entrammelled by any legislation. However, the responsible Ministry has recently sponsored a draft Local Government Bill which, if enacted, will compel the bigger local authorities to establish a Capital Development Fund. The Bill further provides that all advances are repayable except those made for the purchase of land and envisages the charging

terugbetaalbaar is behalwe die wat gemaak is vir die aankoop van grond, en stel die heffing van rente op uitstaande voorskotte in die vooruitsig. Wat belangrik is, is dat die wetenskap swyg oor die vraag of voorskotte slegs toegestaan gaan word as 'n uitoefening van leenmagte, of nie.

BYDRAES TOT INKOMSTE

29. Voorstanders van die lopende betaal-beleid is altyd onderhewig aan vurige kritiek en die algemene klag dat só 'n beleid onregverdig is teenoor huidige verbruikers wat onnodig belas word ten einde bates te voorsien wat deur toekomstige verbruikers gebruik gaan word sonder dat hulle enigiens daartoe bygedra het.

Ek kan net daarop wys dat hierdie beleid toegepas is in die Bantoebierrekening vandat munisipaliteite hul die eerste keer as brou-owerhede gevestig het; alle bates word verkry deur die masjinerie van inkomstebydraes. Net so ook in die geval van die Diensheffingsfonds wat 'n instelling in die Republiek is, en nie in Rhodesië nie, word inkomsteheffings vir die verkryging van kapitale bates aangewend.

Laastens: is dit nie 'n feit dat die geld wat verkry word parkeermeters en parkeerterreine regstreeks gebruik word om kapitale uitleg te finansier nie? 'n Mens kan dus argumenteer dat indien dit as gesonde fiskale beleid op hierdie terreine van plaaslike bestuursbedrywighede beskou word, dit ewe aanvaarbaar op die terrein van elektrisiteit moet wees.

30. In die betoeg vir die aanvaarding van hierdie beleid, word die volgende gevolgtrekkings aan u voorgelê:

- (i) Dit word regverdig en billik wanneer elke geslag sy eweredige bydrae maak. Van geslag word billikheid verkry as elke geslag eweveel tot geslag word billikheid verkry as elke geslag eweveel tot die duur van die bydra, afgesien daarvan of dit tien of twintig jaar is. Maar enige verandering in finansiële beleid wat die uitwerking het dat een geslag minder hoef te dra ten koste van 'n ander geslag, maak misbruik van die vertroue wat verbruikers wat reeds hul eweredige inkomstebydraes vroeër gemaak het, in hul nageslag gestel het.
- (ii) Dit is 'n aanbevelenswaardige beleid wanneer daar 'n skaarste aan kapitaalfondse is, maar die gemeenskap eis nietemin die voorsiening van noodsaaklike dienste en is bereid om die koste te betaal deur middel van die tariewe.
- (iii) Dit ontwikkel 'n dieper gevoel van burgerlike verantwoordelikheid aan die kant van die owerheid wat die lening aangaan as wat misken die geval is wanneer daar maklike toegang tot leningsfondse is.
- (iv) Dit skakel regerings- of provinsiale beheer oor kapitale besteding uit en verhoed die noodsaaklikheid om leenmagte te soek.
- (v) Die beleid is uitres buigsam in sy toepassing op kapitale projekte.

31. Binne Rhodesië self is daar geen wetgewing wat plaaslike bestuure verplig om 'n sekere deel van hul kapi-

of interest on outstanding advances. Most importantly, the draft legislation is silent on the point as to whether or not advances are to be permitted only against the exercise of borrowing powers!

REVENUE CONTRIBUTIONS

29. Advocates of the "pay-as-you-go" policy are always subjected to fierce criticism and the invariable accusation that the implementation of such a policy is unfair to current consumers, who are being taxed unduly in order to provide assets which will be used free of charge by future consumers. I can but point to the fact that this policy has been applied in the African Beer Account ever since municipalities first established themselves as brewing authorities; all assets are acquired through the machinery of revenue contributions. Similarly too, as I know the Services Levy Fund operating within the Republic, but not Rhodesia, revenue collections are used for the acquisition of capital assets. Lastly, is it not a fact that the fees which accrue from parking meters and car parks are used directly to finance capital outlay? One is therefore entitled to argue that if it is considered sound fiscal policy in these fields of local government activity, then it should be equally acceptable in the world of electricity.

30. In arguing the case for acceptance of this policy the following conclusions are advanced:

- (i) It becomes fair and equitable when each and every generation makes its proportionate contribution. As between generations of users, equity is achieved if each generation makes its like contribution during the life-cycle of the asset, be it ten or twenty years. But any variation of financial policy which has the effect of relieving one generation at the expense of another generation constitutes a real breach of faith with the users who have already made their proportionate revenue contribution previously.
- (ii) It is a commendable policy when there is dearth of capital funds but the community nevertheless demands the provision of essential services and is willing to pay the cost through the agency of the tariffs.
- (iii) It develops a deeper sense of civic responsibility upon the part of the borrowing authority than is perhaps the case when there is easy access to loan funds.
- (iv) It eliminates governmental or provincial control of capital spending and avoids the necessity for seeking borrowing powers.
- (v) It is extremely flexible in its application to capital projects.

31. Within Rhodesia itself there is no legislation which would direct local authorities to finance some part of their

tale programme uit inkomstbronne te finansier nie. Desnieteenstaande het die meeste munisipaliteite en dorpsbestuursrade hul geruime tyd al gedissiplineer om beplande inkomstbydraes in die jaarlikse begroting om te sluit. Die metode en omvang van hierdie bydraes wissel aansienlik onder plaaslike besture, maar die algemene kenmerk skyn aanwendig van sike finansies in bates van relatiewe kort lewensduur — bv. meters en rollende materiaal — te wees.

32. As 'n mens die tradisionele onwilligheid van baie Stadsvaders om die Tesourier te steun wanneer hy daarop aandring om 'n kapitale program uit inkomste te finansier, in aanmerking neem, veral as die kiesers nie 'n verhoging van die tariewe goedgesind is nie, is daar min dinge wat meer aanmoedigend kan wees as om wetgewing van dié aard te gebruik as 'n wettige verskoning om die tariewe te verhoog.

DIE GROTER BILLIKHEID VAN KAPITALE ONTWIKKELINGSFONDSE

33. Die skeidingslyn tussen verdelings wat na Kapitale Ontwikkelings oorgeplaas word en (regstreekse?) inkomstbydraes tot kapitale uitleg is relatief fyn, maar die basiese onderskeid is eenvoudig — in die eerste geval word die geld geleen en bewaar deur middel van 'n self-aanvallende fonds; in die laaste geval word dit eens en vir altyd bestee.

34. Na my beskeie mening is dit meer billik om 'n kapitale ontwikkelingsfonds te hê as wat dit is om 'n beleid te volg waardeur regstreekse inkomstbydraes vir die finansiering van kapitale uitleg gemaak word. Soos ek reeds in Paragraaf 30 aangevoer het: billikheid tussen belastingbetaalers word alleen gehandhaaf solank as wat daar elke geslag vereis word om sy pro rata bydrae vir die aankoop van bates uit inkomste te maak; maar dit is 'n onomstootlike feit dat daar 'n onvermydelike neiging is om die bedrag van die inkomstbydrae te varieer volgens die finansiële vereistes van die begroting omdat plaaslike besture dikwels moeilikheid ondervind om die finansies van die Tariewefonds te balanseer. Dit beteken eenvoudig dat die algemene toestand van die plaaslike bestuur se finansies sommige jare so sal wees dat min of geen inkomstbydraes voorkom nie; in jare van oorvloed mag inkomstbydraes toeneem, maar nooit in die mate dat dit vir die tekorte van die maer jare sal kan vergoed nie. Dit is hierdie stop-gaan, stop-gaan-benadering wat die lopende betaalbeleid benadeel omdat die bydrae uit inkomstbronne altyd wisselend en onseker is.

35. Terwyl die voorsiening van 'n gereelde jaarlikse paaimeent van die inkomsterekening die billikste reëling is in die navolging van 'n lopende betaalbeleid, maak die onvermoë om hierdie beleid vol te hou dit selfs meer verstandig om deur middel van 'n Ontwikkelingsfonds te werk. Die kern van my standpunt is dat indien inkomstbydraes in 'n fonds inbetaal word, die waarde en voordeel van die bydraes onbepaald bewaar word omdat hulle 'n integrerende deel van die fonds se kapitaal word en self-

capital programmes from revenue sources. Nevertheless most municipalities and town management boards have long since disciplined themselves to the inclusion of planned revenue contributions in the annual budget. The methods and extent of these contributions vary considerably amongst local authorities but the common characteristic tends to identify in the application of such finance to assets of relatively short-life — e.g. meters and rolling stock.

32. When regard is had to the traditional reluctance which many City Fathers display in the face of the Treasurer's exhortions to finance some part of the capital programme from revenue resources, particularly at a time when the electorate is antagonistic to any increase in the general rate, what could be more fortifying than to be able to point to such legislation as the legitimate excuse for increasing tariffs?

THE GREATER EQUITY OF CAPITAL DEVELOPMENT FUNDS

33. The dividing line between appropriations to Capital Development Funds and revenue contributions to capital outlay is relatively fine but the basic distinction is simple — in the former case the money is lent and preserved in perpetuity through the agency of a revolving fund — in the latter case it is spent at once and for all time.

34. In my humble opinion, it is more equitable to operate a capital development fund than it is to pursue a policy of making outright revenue contributions for the financing of capital outlay. As I have already argued in Paragraph 30, equity as between taxpayers is preserved only as long as each generation is required to make its pro rata contribution for the purchase of assets ex revenue; but, and it is an undeniable fact, because local authorities invariably experience difficulty in balancing the finances of the Rate Fund, there is an unavoidable tendency to vary the amount of the revenue contribution according to the financial exigencies of the budget; this simply means that in some years the overall state of the local authority's finances will be such that little or no revenue contributions are forthcoming; in years of plenty, revenue contributions may increase but never to the extent of making good the short-falls of the lean years. It is this stop-go approach which damns the pay-as-you-go policy because the contribution from revenue resources is always so fickle and uncertain.

35. Whilst the most equitable arrangement in the pursuance of pay-as-you-go policy is the provision of a regular annual instalment from revenue account, the inability to sustain this policy makes it even more judicious to operate through the agency of a Development Fund. The essence of my contention is that if revenue contributions are paid into a fund, the value and benefit of the contributions are preserved indefinitely as they become an integral part of the fund's principal and re-

aanvullend bly. As die bates daarenteen regstreeks teen kontant gekoop word, is die voordeel beperk tot 'n bepaalde dekade.

Nie alleen word die bydrae onbepaald in die fonds bewaar nie, maar omdat daar aangedring word dat die geld geleen en terugbetaal word dieselfde tydperk as die duur van die bate, volg dit dat elke geslag outomaties sy regverdige deel vir gebruik van die bate betaal, en op hierdie manier word maksimum billikheid geskep vir huidige en toekomstige verbruikers. Die heffing van rente gedurende die voorskottydperk werk ook 'n groter mate van billikheid onder verbruikers in die hand omdat hierdie reëling verseker dat daar vir die onvermydelike erosie in die waarde van geld gekompenseer word deur huidige voordeeltrekkers te verplig om 'n heffing te betaal vir die gebruik daarvan. Laastens: die insluiting van die rentefaktore verseker ware vergelykbaarheid van kostes tussen verskillende bronne van finansies.

36. Daarom is dit my standpunt dat die storting van inkomstebydraes op 'n Ontwikkelingsfonds, met terugbetaalbare voorskotte wat 'n rasionale renteheffing dra, miskien die beste manier is om enige element van onbillikheid uit die weg te ruim — 'n element wat miskien andersins sal bestaan as inkomstebydraes vir die aankoop van kapitale bates aangewend sou word.

KAPITALE BYDRAES

37. In Rhodesië is dit die praktyk van plaaslike besture om aansluitingstariewe ten opsigte van water, elektrisiteit en riooldienste te hef. Hierdie kapitale bydraes is betaalbaar wanneer die dienste gelewer word. Daar was 'n tyd toe my eie bestuur, wat ook die elektrisiteitsowerheid vir die Groter Salisbury-kompleks is, buitestedelike verbruikers toegelaat het om hulle aansluitingstariewe in paaiemente te betaal. Ek het egter die standpunt gestel dat die aansluitingstariewe gesien moet word as 'n integreerde deel van die kostestruktuur van 'n nuwe huis of besigheid en dat dit dus altyd van die voornemende verbandhouer van die eiendom verkry kan word.

38. Dit is my persoonlike beskouing dat omdat 'n verbruiker van noodsaaklike dienste in staat is om sy aansluitingstariewe te kapitaliseer, d.w.s. hy is in staat om sy kapitale skuld oor twintig of vyf-en-twintig jaar te vereffen in die vorm van maandelike paaiemente, kan en behoort aansluitingstariewe verhoog te word tot meer realistiese vlakke, met die sekerheid dat die regstreekse uitwerking op die verbruiker nie so groot is as wat met die eerste oogopslag mak lyk nie.

39. Die relatiewe mate waartoe ons onderneming staatmaak op sy verbruikers om kapitale steun in die voorsiening van ontwikkelingsfinansies, kan afgelei word uit die volgende statistiese tabel:

